**2 TIMÓTHEÜS 3 EN 4**

Ons kyk hierdie week na die misleiding wat in ons tyd plaasvind. Hierdie misleiding kom nie van die "wêreld" af nie – dit gebeur in die kerk. Ek handig twee dokumente uit. Een gaan oor vals apostels in ons tyd en die ander oor vals profete. Beide veroorsaak groot onenigheid in die kerk en het ten doel om die kerk en Jesus Christus se orde te ondermyn. Bestudeer gerus hierdie dokumente. Ons kan by 'n volgende geleentheid daaroor praat.

Kom ons kyk wat die Woord sê oor hoe die kerk in die laaste dae gaan ontaard. Hierdie is intense Bybelstudie. Ons lees uit 2 Timótheüs 3 en 4.

Stel jou hierdie situasie voor: Paulus weet dat sy einde naby is. Meeste van sy volgelinge het hom verlaat. Hy skryf sy laaste brief, aan Timótheüs. Hierdie jong leraar moet met die werk wat Paulus begin het, aangaan. Paulus gee raad en bemoedig hom.

1. 2 Timótheüs 3:1 – In die laaste dae gaan daar swaar tye wees. Waarom?

2. Wat is die gesindheid wat hierdie mense openbaar? Sien verse 2 – 4.

3. Wat sien ons in vers 5? Is hierdie mense in of buite die kerk? Motiveer.

4. Dink jy dat dit wat Paulus hier beskryf nog moet gebeur, of gebeur dit nou al in ons tyd?

5. Kyk na vers 7 en vergelyk dit met vers 16.

    a. Wat dink jy leer hulle in vers 7?

    ______________________________________________

    ______________________________________________

    ______________________________________________

    b. Is dit Gees-geïnspireerd?

    ______________________________________________

    ______________________________________________

    ______________________________________________

    c. Wat leer vers 16 ons?

    ______________________________________________

    ______________________________________________

    ______________________________________________

    d. Wat is die doel van vers 16?

    ______________________________________________

    ______________________________________________

    ______________________________________________

    e. Wie is hier die inspirasie?

    ______________________________________________

    ______________________________________________

    ______________________________________________

6. Vergelyk vers 12 en 13. Bespreek.

    ______________________________________________

    ______________________________________________

    ______________________________________________



*Want so lief het God die wêreld gehad, dat Hy sy eniggebore Seun gegee het, sodat elkeen wat in Hom glo, nie verlore mag gaan nie, maar die ewige lewe kan hê. –* **Johannes 3:16**

7. Kyk na hoofstuk 4, vers 2. Wat moet Timótheüs doen? Daar is vyf take. Wat beteken hulle?

___

___

___

8. Kyk mooi na vers 3, en die woord “hulle”. Na wie verwys “hulle” hier? Jy gaan verder terug moet soek as hoofstuk 4.

___

9. Daar is iets baie interessant wat met hierdie mense gebeur. Kyk na vers 13, die laaste gedeelte.

___

___

___

10. Terug by vers 3. Wat gaan hulle nie verdra nie?

___

11. Wat gaan hulle eerder doen? Daar is drie dinge wat hulle gaan doen.

___

___

___

12. Kyk na vers 4. Verduidelik “waarheid” teenoor “fabels”.

___

___

___

13. Kom ons gaan gou terug na vers 2. Hierdie vers is die voorbereiding wat ek en jy moet doen vir die tyd wat in vers 3 en 4 uitgebeeld word.

___

___

___

14. Wat moet ek en jy doen, volgens vers 5? Dink jy ons het dieselfde taak as Timótheüs?

______________________________________________________________

______________________________________________________________

______________________________________________________________

15. Kyk na vers 6. Waarom gee Paulus hierdie raad aan sy volgeling?

______________________________________________________________

______________________________________________________________

______________________________________________________________

16. Wat het Paulus gedoen om tot hier te kom?

______________________________________________________________

______________________________________________________________

______________________________________________________________

17. Wat is sy beloning? Gaan doen bietjie navorsing oor die vyf krone wat die Woord noem.

______________________________________________________________

______________________________________________________________

______________________________________________________________

______________________________________________________________

______________________________________________________________

18. Hoe kan jy hierdie gedeelte op jou lewe toepas?

______________________________________________________________

______________________________________________________________

______________________________________________________________